

ILTA Etiese Kode [Konsepdokument]

ILTA Code of Ethics

(Aanvaar tydens die jaarvergadering van ILTA gehou te Vancouver, Maart 2000)

(Adopted at the annual meeting of ILTA held in Vancouver, March 2000)

Die onderhawige, die eerste Etiese Kode saamgestel deur die Internasionale Vereniging vir Taaltoetsing (International Language Testing Association, ILTA), bevat 'n stel beginsels voortspruitend uit morele filosofie en is daarop gemik om goeie professionele gedrag te rig. Dit is nóg 'n statuut nóg 'n regulasie en bied nie voorskrifte vir die praktyk nie, maar word bedoel as 'n maatstaf van aanvaarbare etiese optrede onder alle taaltoetsers. Dit sluit aan by 'n afsonderlike Gedragskode (wat tans ontwikkel word). Die Etiese Kode berus op 'n versmelting van die beginsels van weldaad, nie-kwaadwilligheid, geregtigheid, respek vir outonomie en vir die burgerlike samelewing.

This, the first Code of Ethics prepared by the International Language Testing Association (ILTA), is a set of principles which draws upon moral philosophy and serves to guide good professional conduct. It is neither a statute nor a regulation and it does not provide guidelines for practice, but it is intended to offer a benchmark of satisfactory ethical behaviour by all language testers. It is associated with a separate Code of Practice (in progress). The Code of Ethics is based on a blend of the principles of beneficence, non-maleficence, justice, a respect for autonomy and for civil society.

Hierdie Etiese Kode onderskei 9 grondbeginsels, elk toegelig deur 'n reeks annotasies wat meestal die aard van die beginsels uitklaar; hulle skryf voor wat ILTA-lede behoort of nie behoort te doen nie, of meer oor die algemeen hoe hulle behoort op te tree of wat hulle of die professie behoort na te streef; en identifiseer die struikelblokke en uitsonderings inherent aan die toepassing van die beginsels. Die Annotasies brei verder uit op die sanksies van die Kode, en maak dit duidelik dat versuim om die Kode te handhaaf moontlik ernstige penalisering inhou, soos die herroeping van ILTA-lidmaatskap op aanbeveling van ILTA se Etiese Komitee. Alhoewel hierdie Kode uit ander soortgelyke etiese kodes (ver terug in die geskiedenis) ontspruit, poog dit om die voortdurend veranderende ewewig tussen sosiale en kulturele waardes wêreldheen te weerspieël, wat meebring dat taaltoetsers dit moet vertolk in samehang met die verwante Gedragskode.

This Code of Ethics identifies 9 fundamental principles, each elaborated on by a series of annotations which generally clarify the nature of the principles; they prescribe what ILTA members ought to do or not do, or more generally how they ought to comport themselves or what they, or the profession, ought to aspire to; and they identify the difficulties and exceptions inherent in the application of the principles. The Annotations further elaborate the Code's sanctions, making clear that failure to uphold the Code may have serious penalties, such as withdrawal of ILTA membership on the advice of the ILTA Ethics Committee. Although this Code derives from other similar ethical codes (stretching back into history), it does endeavour to reflect the ever changing balance of societal and cultural values across the world, and for that reason should be interpreted by language testers in conjunction with the associated Code of Practice.

Alle professionele kodes behoort die professionele gewete en oordeel te rig. ILTA se Etiese Kode onthef taaltoetsers nie van die verpligtinge en verantwoordelikhede wat deur ander tersaaklike kodes opgelê word nie, of van hulle verpligtinge onder die regs-kodes, sowel nasionaal as internasionaal, waaraan hulle onderworpe mag wees nie.

All professional codes should inform professional conscience and judgement. This ILTA Code of Ethics does not release language testers from the obligations and responsibilities laid on them by other Codes to which they have subscribed or from their duties under the legal codes, both national and international, to which they may be subject.

Taaltoetsers is onafhanklike morele agente en mag soms 'n persoonlike morele standpunt inneem wat in botsing is met deelname aan bepaalde prosedures. Hulle het moreel die reg om te weier om aan sulke prosedures deel te neem waar dit hul eie morele oortuigings skend. Taaltoetsers wat werksgeleenthede aanvaar waarin hulle voorsien dat moontlik van hulle verwag kan word om betrokke te raak by situasies wat strydig is met hul oortuigings het 'n verantwoordelikheid om hul werkgever of voornemende werkgever hiervan in kennis te stel. Werkgewers en kollegas het 'n verantwoordelikheid om toe te sien dat daar nie teen sulke taaltoetsers in die werksplek gediskrimineer word nie.

Language testers are independent moral agents and sometimes they may have a personal moral stance which conflicts with participation in certain procedures. They are morally entitled to refuse to participate in procedures which would violate personal moral belief. Language testers accepting employment positions where they foresee they may be called on to be involved in situations at variance with their beliefs have a responsibility to acquaint their employer or prospective employer with this fact. Employers and colleagues have a responsibility to ensure that such language testers are not discriminated against in their workplace.

Die Gedragskode (tans in ontwikkeling) gee verdere gestalte aan die Etiese Kode. Waar die Etiese Kode toegespits is op die morele waardes en ideale van die profesie, identifiseer die Gedragskode die minimum vereistes om in die profesie te praktiseer en konsentreer op die uitklaring van professionele wangedrag en onprofessionele optrede.

The Code of Ethics is instantiated by the Code of Practice (currently under preparation by ILTA). While the Code of Ethics focuses on the morals and ideals of the profession, the Code of Practice identifies the minimum requirements for practice in the profession and focuses on the clarification of professional misconduct and unprofessional conduct.

Die Etiese Kode sowel as die Gedragskode behoort bedag te wees op die behoeftes en veranderings binne die profesie. Mettertyd sal sowel die Etiese Kodes as die Gedragskode na gelang van veranderings in taaltoetsing en die samelewing hersien behoort te word. Die Etiese Kode sal binne vyf jaar hersien word, of vroeër indien nodig.

Both the Code of Ethics and the Code of Practice need to be responsive to the needs and changes within the profession and, in time, these Codes will require revision in response to changes in language testing and in society. The Code of Ethics will be reviewed within five years, or earlier if necessary.

Grondbeginsel 1 Principle 1

Taaltoetsers sal respek hê vir die menslikheid en menswaardigheid van hulle toetslinge. Hulle sal diesulkes bedien van die bes moontlike professionele bedagsaamheid en sal alle persone se behoeftes, waardes en kulture respekteer by die lewering van hulle taaltoetsingsdiens.

Language testers shall have respect for the humanity and dignity of each of their test takers. They shall provide them with the best possible professional consideration and shall respect all persons' needs, values and cultures in the provision of their language testing service.

Annotasie Annotation

- Taaltoetsers sal nóg teen toetslinge diskrimineer nóg hulle uitbuit op basis van ouderdom, gender, ras, etnisiteit, seksuele oriëntasie, taalagtergrond, oortuiging, politieke affiliasie of geloof, nóg willens en wetens hul eie waardes (byvoorbeeld sosiale, geestelike, politiese en ideologiese), insoverre hulle daarvan bewus is.

Language testers shall not discriminate against nor exploit their test takers on grounds of age, gender, race, ethnicity, sexual orientation, language background, creed, political affiliations or religion, nor knowingly impose their own values (for example social, spiritual, political and ideological), to the extent that they are aware of them.

- Taaltoetsers sal nooit hul kliënte uitbuit of probeer beïnvloed op maniere wat nie strook met die oogmerke van die diens wat hulle verskaf of ondersoek wat hulle onderneem nie.

Language testers shall never exploit their clients nor try to influence them in ways that are not related to the aims of the service they are providing or the investigation they are mounting.

- Seksuele verhoudings tussen taaltoetsers en hulle toetslinge is altyd oneties.

Sexual relations between language testers and their test takers are always unethical.

- Onderrig en navorsing rondom taaltoetsing wat toetslinge se deelname verg (met inbegrip van studente), vereis hulle instemming; DIT VEREIS OOK respek vir hulle menswaardigheid en privaatheid. Betrokkes behoort ingelig te word dat hulle weiering van deelname nie die gehalte van die taaltoetsingsdiens (wat betref onderrig, navorsing, ontwikkeling, administrasie) sal affekteer nie. DIE GEBRUIK VAN alle vorme van media (gedruk, elektronies, video, oudio) wat toetslinge betrek, vereis ingeligte toestemming voordat dit vir sekondêre doeleindes aangewend word.

Teaching and researching language testing involving the use of test takers (including students) requires their consent; IT ALSO REQUIRES respect for their dignity and privacy. Those involved should be informed that their refusal to participate will not affect the quality of the language tester's service (in teaching, in research, in development, in administration). THE USE OF all forms of media (paper, electronic, video, audio) involving test takers requires informed consent before being used for secondary purposes.

- Taaltoetsers sal daarna streef om die inligting wat hulle genereer aan alle belanghebbendes bekend te maak op so 'n betekenisvolle wyse as moontlik.

Language testers shall endeavour to communicate the information they produce to all relevant stakeholders in as meaningful a way as possible.

- Indien moontlik moet taaltoetsers in alle sake rakende hulle belange geraadpleeg word.

Where possible, test takers should be consulted on all matters concerning their interests.

Grondbeginsel 2 Principle 2

Taaltoetsers sal alle inligting wat in hulle professionele kapasiteit omtrent hul toetslinge bekom word, vertroulik hou en sal hul professionele oordeel gebruik by die deel van sulke inligting.

Language testers shall hold all information obtained in their professional capacity about their test takers in confidence and they shall use professional judgement in sharing such information.

Annotasie Annotation

- Gegewe die wydverspreide gebruik van gefotokopieerde materiaal en faksimilees, gerekenariseerde toetsrekords en databanke, die behoefte aan groter verantwoordbaarheid vanuit verskeie oorde en die persoonlike aard van die inligting bekombaar van hulle toetslinge, rus daar 'n verpligting op taaltoetsers om toetslinge se reg op vertroulikheid te respekteer en om alle inligting verwant aan die toetsertoesling-verhouding te beskerm.

In the face of the widespread use of photocopied materials and facsimile, computerized test records and data banks, the increased demand for accountability from various sources and the personal nature of the information obtained from test takers, language testers are obliged to respect test takers' right to confidentiality and to safeguard all information associated with the tester-test taker relationship.

- Vertroulikheid kan nie absoluut van aard wees nie, veral nie waar die rekords studente raak wat meeding om toelatings en aanstellings nie. 'n Oorwoë balans moet gehandhaaf word tussen die bewaring van vertroulikheid as 'n fundamentele aspek van die taaltoetser se professionele plig en die breë verantwoordelikheid wat die taaltoetser teenoor die samelewing het.

Confidentiality cannot be absolute, especially where the records concern students who may be competing for admissions and appointments. A careful balance must be maintained between preserving confidentiality as a fundamental aspect of the language tester's professional duty and the wider responsibility the tester has to society.

- Insgelyks het die taaltoetser se professionele kollegas in toepaslike gevalle ook die reg om toegang te verkry tot die data van ander toetslinge (nie hul eie nie) ten einde die diens wat die professie bied te verbeter. In sodanige gevalle moet diesulkes wat toegang tot die data verleen word onderneem om vertroulikheid te handhaaf.

Similarly, in appropriate cases, the language tester's professional colleagues also have a right to access data of test takers other than their own in order to improve the service the profession offers. In such cases, those given access to data should agree to maintain confidentiality.

- Data van toetslinge van ander oorde as die van die taaltoetser versamel (byvoorbeeld van onderwysers of studente wat getoets word), is onderhewig aan dieselfde beginsels van vertroulikheid.

Test taker data collected from sources other than the test taker directly (for example from teachers of students under test) are subject to the same principles of confidentiality.

- Daar mag statutêre vereistes oor bekendmaking bestaan, byvoorbeeld waar die taaltoetser as deskundige na 'n hof of tribunaal gedaag word. Onder sulke omstandighede word die taaltoetser onthef van sy/haar professionele plig aangaande vertroulikheid.

There may be statutory requirements on disclosure, for example where the language tester is called as an expert witness in a law court or tribunal. In such circumstances, the language tester is released from his/her professional duty to confidentiality.

Grondbeginsel 3 Principle 3

Taaltoetsers behoort alle relevante etiese beginsels na te kom wat omvat word in nasionale en internasionale riglyne wanneer enige proefstudie, eksperiment, behandeling of navorsingsaktiwiteit onderneem word.

Language testers should adhere to all relevant ethical principles embodied in national and international guidelines when undertaking any trial, experiment, treatment or other research activity.

Annotasie Annotation

- Vordering in taaltoetsing is afhanklik van navorsing wat noodwendig die deelname van proefpersone behels. Hierdie navorsing sal aan die algemene aanvaarde beginsels omtrent akademiese ondersoek voldoen; gegrond wees op 'n deeglike kennis van die professionele literatuur; en sal volgens die hoogste standaarde beplan en uitgevoer word.

Language testing progress depends on research, which necessarily involves the participation of human subjects. This research shall conform to generally accepted principles of academic inquiry, be based on a thorough knowledge of the professional literature; and be planned and executed according to the highest standards.

- Alle navorsing moet regverdigbaar wees; dit wil sê dat redelikerwys van voorgestelde studies verwag kan word om antwoorde op gestelde vrae te bied.

All research must be justified; that is proposed studies shall be reasonably expected to provide answers to questions posed.

- Die menseregte van die proefpersoon sal altyd voorrang geniet bo die belange van die wetenskap of samelewing.

The human rights of the research subject shall always take precedence over the interests of science or society.

- Waar die ondersoek na alle waarskynlikheid ongerief of risiko's vir die proefpersoon inhou, behoort die voordele van daardie navorsing in ag geneem te word maar moet dit nie insigself gebruik word om sodanige ongerief of risiko's te regverdig nie. Indien onvoorsienbare skadelike gevolge voorkom, moet die navorsing altyd gestaak of gewysig word.

Where there are likely discomforts or risks to the research subject, the benefits of that research should be taken into account but must not be used in themselves to justify such discomforts or risks. If unforeseeable harmful effects occur, the research should always be stopped or modified.

- 'n Onafhanklike Etiese Komitee sal alle navorsingsvoorstelle evalueer ten einde te verseker dat studies voldoen aan die hoogste wetenskaplike en etiese standaarde.

An independent Ethics Committee should evaluate all research proposals in order to ensure that studies conform to the highest scientific and ethical standards.

- Tersaaklike inligting rakende die oogmerke, metodes, risiko's en ongemaklikhede van die navorsing sal vooraf aan die proefpersoon bekend gemaak word. Die inligting sal op só 'n manier oorgedra word dat dit ten volle verstaanbaar is. Instemming sal onbevang wees, sonder druk, dwang of dreiging.

Relevant information about the aims, methods, risks and discomforts of the research shall be given to the subject in advance. The information shall be conveyed in such a way that it is fully understood. Consent shall be free, without pressure, coercion or duress.

- Die proefpersoon behou die reg tot weiering van deelname of onttrekking aan die navorsing te enige tyd voor die publikasie van die navorsingsresultate. Sodanige onttrekking sal nie die proefpersoon se hantering benadeel nie.

The subject shall be free to refuse to participate in or to withdraw from, the research at any time prior to publication of research results. Such refusal shall not jeopardise the subject's treatment.

- Spesiale voorsorg sal geneem word met die bekom van vooraf-toestemming in die geval van proefpersone in afhanklike verhoudings (byvoorbeeld studente, bejaardes, leerders met leeruitdagings, ensovoorts).

Special care shall be taken with regard to obtaining prior consent in the case of subjects who are in dependent relationships (for example, students, the elderly, proficiency challenged learners).

- In die geval van 'n minderjarige sal toestemming vanaf 'n ouer of voog verkry word, maar ook van die kind self indien hy oor voldoende volwassenheid en begrip beskik.

In the case of a minor, consent shall be obtained from a parent or guardian but also from the child if he is of sufficient maturity and understanding.

- Vertroulike inligting wat as deel van die navorsing bekom word, sal nie gebruik word vir doeleindes anders as DIESULKES gespesifiseer in die goedgekeurde navorsingsprotokol nie.

Confidential information obtained in research shall not be used for purposes other than THOSE specified in the approved research protocol.

- Die publikasie van navorsingsresultate sal eerlik en akkuraat wees.

Publication of research results shall be truthful and accurate.

- Die publikasie van navorsingsverslae sal nie die identifisering van die betrokke proefpersone toelaat nie.

Publication of research reports shall not permit identification of the subjects who have been involved.

Grondbeginsel 4 Principle 4

Taaltoetsers sal nie toelaat dat hul professionele kennis of vaardighede misbruik word nie, insoverre dit vir hulle moontlik is.

Language testers shall not allow the misuse of their professional knowledge or skills, in so far as they are able.

Annotasie Annotation

- Taaltoetsers sal nie willens en wetens hul professionele kennis of vaardighede gebruik om oogmerke te bevorder wat nadelig is vir toetslinge se belange nie. Wanneer die vordering van die toets se intervensie nie direk tot die toetslinge tot voordeel strek nie (byvoorbeeld wanneer hulle gevra word om as proefpersone op te tree vir 'n vaardigheidstoets wat vir 'n ander situasie ontwerp is), sal die aard daarvan ten volle duidelik gemaak word.

Language testers shall not knowingly use their professional knowledge or skills to advance purposes inimical to their test takers' interests. When the progress of the tester's intervention is not directly to the benefit of the test takers (for example when they are asked to act as trial subjects for a proficiency test designed for some other situation), its nature shall be made absolutely clear.

- Nonkonformiteit ten opsigte van 'n samelewing se heersende morele, religieuse en ander waardes, of status as 'n onwelkome migrant, sal nie die bepalende faktor wees by die assessering van taalvermoë nie.

Non-conformity with a society's prevailing moral, religious etc values, or status as an unwelcome migrant, shall not be the determining factor in assessing language ability.

- Wat ook al die regsomstandighede, sal taaltoetsers nie direk of indirek deelneem aan martelingspraktyke of ander vorms van wrede, onmenslike of vernederende straf nie (sien *Declaration of Tokyo 1975*).

Whatever the legal circumstances, language testers shall not participate, either directly or indirectly in the practice of torture or other forms of cruel, inhuman or degrading punishment (see *Declaration of Tokyo 1975*).

Grondbeginsel 5 Principle 5

Taaltoetsers sal hulle professionele kennis voortdurend ontwikkel en hierdie kennis met kollegas en ander professionele taalpraktisyns deel.

Language testers shall continue to develop their professional knowledge, sharing this knowledge with colleagues and other language professionals.

Annotasie Annotation

- Voortgesette leer en die bevordering van 'n mens se kennis is grondliggend aan die professionele rol; versuim hieromtrent kom neer op 'n ondiens aan toetslinge.

Continued learning and advancing one's knowledge are fundamental to the professional role; failure to do so constitutes a disservice to test takers.

- Taaltoetsers sal die verskeidenheid metodes van voortgesette opleiding tot hulle beskikking, benut. Dit kan deelname behels aan voortgesette taaltoetsingprogramme en professionele kongresse, asook die gereelde lees van relevante professionele publikasies.

Language testers shall make use of the various methods of continuing education that are available to them. These may involve participation in continuing language testing programmes and professional conferences, and the regular reading of relevant professional publications.

- Taaltoetsers sal van die geleentheid gebruik maak om met kollegas en ander relevante taalkenners in wisselwerking te tree as 'n belangrike manier om hul professionele kennis te ontwikkel.

Language testers shall take the opportunity to interact with colleagues and other relevant language professionals as an important means of developing their professional knowledge.

- Taaltoetsers sal nuwe kennis met kollegas deel deur middel van publikasie in erkende professionele joernale of by byeenkomste.

Language testers shall share new knowledge with colleagues by publication in recognized professional journals or at meetings.

- Van taaltoetsers sal verwag word om tot die opleiding en professionele ontwikkeling van taaltoetsers in opleiding by te dra asook tot die opstel van riglyne vir die kernvereistes van hierdie opleiding.

Language testers shall be expected to contribute to the education and professional development of language testers in training and to the drawing up of guidelines for the core requirements of that training.

- Taaltoetsers sal bereid wees om by te dra tot die onderrig van studente in die BREËR taalprofessies.

Language testers shall be prepared to contribute to the education of students in the WIDER language professions.

Grondbeginsel 6 Principle 6

Taaltoetsers sal die verantwoordelikheid deel om die integriteit van die taaltoetsingprofessie te handhaaf.

Language testers shall share the responsibility of upholding the integrity of the language testing profession.

Annotasie Annotation

- Taaltoetsers sal die integriteit van hul profesie bevorder en verhoog deur 'n sin van vertroue en gemeenskaplike verantwoordelikheid onder kollegas te kweek. In geval van meningsverskille moet standpunte openhartig en met respek uitgedruk word eerder as om mekaar wedersyds af te kraak.

Language testers shall promote and enhance the integrity of their profession by fostering a sense of trust and mutual responsibility among colleagues. In the event of differences of opinion, viewpoints should be expressed with candour and respect rather than by mutual denigration.

- Taaltoetsers ontwikkel en beoefen norme ten behoeve van die samelewing. As sodanig is hulle posisie 'n bevoorregte een wat gepaard gaan met die verpligting om toepaslike persoonlike en morele standaarde in die uitvoering van hulle professionele taak te handhaaf; so ook in daardie aspekte van hulle persoonlike lewe wat op die integriteit van daardie praktyk 'n uitwerking mag hê.

Language testers develop and exercise norms on behalf of society. As such theirs is a privileged position which brings with it an obligation to maintain appropriate personal and moral standards in their professional practice, and in those aspects of their personal life which may reflect upon the integrity of that practice.

- Taaltoetsers wat bewus raak van onprofessionele optrede deur 'n kollega sal gepaste stappe doen; dit kan 'n verslag aan die gepaste owerhede insluit.

Language testers who become aware of unprofessional conduct by a colleague shall take appropriate action; this may include a report to the relevant authorities.

- Versuim om hierdie Etiese Kode na te kom, sal in 'n baie ernstige lig beskou word en kan lei tot strawwe penalisering, wat die herroeping van ILTA-lidmaatskap kan insluit.

Failure to uphold this Code of Ethics will be regarded with the utmost seriousness and could lead to severe penalties including withdrawal of ILTA membership.

Grondbeginsel 7 Principle 7

Taaltoetsers sal in hulle samelewingsrol daarna streef om die gehalte van taaltoetsing, assessering en onderrigdienste te verbeter, die billike toewysing van hierdie dienste bevorder en bydra tot die opvoeding van die samelewing met betrekking tot taalaanleer en taalvaardigheid.

Language testers in their societal roles shall strive to improve the quality of language testing, assessment and teaching services, promote the just allocation of those services and contribute to the education of society regarding language learning and language proficiency.

Annotasie Annotation

- Daar berus 'n spesifieke plig op taaltoetsers om die verbetering van taaltoetsingsvoorsiening/-dienste te bevorder, aangesien heelwat van hulle toetslinge van hulle burgerregte ontnem is en 'n gebrek aan mag het vanweë hulle status as nie-inheemse sprekers.

Language testers have a particular duty to promote the improvement of language testing provision/services in that many of their test takers are disenfranchised and lack power on account of their non-native speaker status.

- Taaltoetsers sal kragtens hulle kennis en ervaring bereid wees om diesulkes te adviseer wat vir die voorsiening van taaltoetsingsdienste verantwoordelik is.

Language testers shall be prepared by virtue of their knowledge and experience to advise those responsible for the provision of language testing services.

- Taaltoetsers sal bereid wees om as kampvegters op te tree en met ander saam te span ten einde te verseker dat die beste moontlike taaltoetsingsdiens aan toetslinge beskikbaar is.

Language testers shall be prepared to act as advocates and join with others in ensuring that language testing test takers have available to them the best possible language testing service.

- Taaltoetsers sal bereid wees om saam te werk met adviserende, statutêre, vrywillige en kommersiële liggame wat 'n rol het in die voorsiening van taaltoetsingsdienste.

Language testers shall be prepared to work with advisory, statutory, voluntary and commercial bodies that have a role in the provision of language testing services.

- Taaltoetsers sal gepaste stappe doen indien vanweë fiskale beperkinge of andersins dienste nie aan die minimum standaarde voldoen nie. Uitsonderlik mag dit vir taaltoetsers nodig wees om hulle van sodanige dienste te distansieer, mits dit nie toetslinge nadelig beïnvloed nie.

Language testers shall take appropriate action if services, by reason of fiscal restriction or otherwise, fall below minimal standards. Exceptionally, language testers may have to dissociate themselves from such services provided that this is not harmful to their test takers.

- Taaltoetsers sal bereid wees om relevante wetenskaplike inligting en gevestigde professionele opinies vir die samelewing te vertolk en versprei. Deur dit te doen, sal taaltoetsers hul status as óf woordvoerders van 'n erkende professionele liggaam óf nie, duidelik maak. Indien die sieninge wat gehuldig word strydig is met die algemeen aanvaarde sal hulle dit as sodanig aandui.

Language testers shall be prepared to interpret and disseminate relevant scientific information and established professional opinions to society. In so doing, language testers shall clarify their status as either spokespersons for a recognised professional body or not. If the views expressed are contrary to those generally held, they shall so indicate.

- Dit word as redelik geag dat taaltoetsers wetenskaplik-gefundeerde bydraes lewer tot die openbare debat oor sensitiewe sosio-politiese kwessies, soos ras, verontregting en die grootmaak van kinders.

It is reasonable for language testers to make scientifically substantiated contributions to public debate on sensitive socio-political issues, such as race, disadvantage and child rearing.

- Taaltoetsers sal onderskei tussen hulle rol as opvoeders gebaseer op professionele kennis en hul rol as landsburgers.

Language testers shall differentiate between their role as educators based on professional knowledge and their role as citizens.

- In die nakoming van hul verantwoordelikhede onder hierdie beginsel, sal taaltoetsers sorg dra dat hulle selfverheerliking en die slegmakery van kollegas vermy.

In fulfilling their responsibilities under this principle, language testers shall take care to avoid self-promotion and the denigration of colleagues.

- Taaltoetsers sal dit duidelik maak dat hulle nie daarop aanspraak maak (en nie gesien word om aanspraak daarop te maak) dat hulle alleen oor al die relevante kennis beskik nie.

Language testers shall make clear that they do not claim (and are not seen to claim) that they alone possess all the relevant knowledge.

Grondbeginsel 8 Principle 8

Taaltoetsers sal ag slaan op hulle verpligtinge teenoor die samelewing waarbinne hulle werk, terwyl hulle beseft dat hierdie verpligtinge per geleentheid strydig mag wees met hul verantwoordelikhede teenoor hul toetslinge en ander belanghebbendes.

Language testers shall be mindful of their obligations to the society within which they work, while recognising that those obligations may on occasion conflict with their responsibilities to their test takers and to other stakeholders.

Annotasie Annotation

- Wanneer toetsuitslae namens instellings (regeringsdepartemente, professionele liggame, universiteite, skole, maatskappye) verkry word, het taaltoetsers 'n verpligting om hierdie resultate akkuraat te rapporteer, ongeag die gesindheid waarmee dit deur toetslinge of ander belanghebbendes (families, voornemende werknemers ensovorts) ontvang mag word.

When test results are obtained on behalf of institutions (government departments, professional bodies, universities, schools, companies) language testers have an obligation to report those results accurately, however unwelcome they may be to the test takers and other stakeholders (families, prospective employers etc).

- As lede van die samelewing waarbinne hulle werk, moet taaltoetsers hul verpligting teenoor die toetsingvereistes van daardie samelewing erken, selfs wanneer hulle dalk nie self daarmee saamstem nie. In gevalle waar hulle so sterk teen hierdie vereistes gekant is dat dit as 'n gewetensbeswaar beskou kan word, moet hulle die reg hê om hul professionele dienste te onttrek.

As members of the society in which they work, language testers should recognise their obligation to the testing requirements of that society, even when they may not themselves agree with them. Where their disagreement is of sufficient strength to qualify as a conscientious objection, they should have the right to withdraw their professional services.

Grondbeginsel 9 Principle 9

Taaltoetsers sal gereeld die potensiële gevolge, op beide kort en lang termyn, van hul projekte ten opsigte van alle belanghebbendes oorweeg, terwyl hulle die reg voorbehou om hul professionele dienste op grond van gewete te weerhou.

Language testers shall regularly consider the potential effects, both short and long term on all stakeholders of their projects, reserving the right to withhold their professional services on the grounds of conscience.

Annotasie Annotation

- As professionele persone het taaltoetsers die verantwoordelikheid om die etiese gevolge van die projekte wat aan hulle voorgelê word, te evalueer. Alhoewel hulle nie alle moontlike gebeurlikhede kan oorweeg nie, moet hulle 'n deeglike evaluasie van die waarskynlike gevolge uitvoer. Waar daardie gevolge, na hul professionele oordeel, onaanvaarbaar is, moet hulle hul dienste onttrek. Dit is vanselfsprekend dat taaltoetsers in sulke gevalle hulle medetaaltoetsers moet raadpleeg ten einde te bepaal hoe wyd hul siening gedeel word. Die reg word egter altyd deur taaltoetsers voorbehou om, waar hul kollegas van hulle verskil, 'n individuele standpunt op grond van gewete in te neem.

As professionals, language testers have the responsibility to evaluate the ethical consequences of the projects submitted to them. While they cannot consider all possible eventualities, they should engage in a thorough evaluation of the likely consequences and, where those consequences are in their view professionally unacceptable, withdraw their services. In such cases, they should as a matter of course consult with fellow language testers to determine how far their view is shared, always reserving the right, where their colleagues take a different view, to make an individual stand on the grounds of conscience.

© Kopiereg ILTA

© Copyright ILTA

DRAFT